# DIE SKIETLOOD

185ste Uitgawe 11 Desember 2020
saam met Koersvas 185

## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

**Teks*:*** Artikel 17. *Die Woord van God, waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Gelowige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Genesis 17:7; Hand 2:39;1 Korintiërs 7:14).*

**Kommentaar:**
In Genesis 17:7 lees ons: *"Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag."* 1 Korintiërs 7:14 stel: "*Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God."*
Die Dordtse leerreëls herinner ons daaraan dat die Bybel die Woord van God is en dat ons in die Bybel die wil van God leer ken. Dit is belangrik om vrae te beantwoord vanuit die Bybel. Die uitverkiesingsleer bring op baie vlakke verwarring by 'n menigte mense. Die saligheidslot van kinders en suigelinge is een van die sake waaroor daar ruim gespekuleer word. Die vraag na die saligheid van gelowiges se kinders moet daarom uit die Woord van God beskou word. Daar is meer as een belangrike perspektief om in ag te neem. Een van die belangrikste sake om te onthou, is dat daar 'n verbond tussen God en ons bestaan. Die moderne tendens is om die verbond en verbondsteologie te ignoreer of af te maak as onbelangrik. Dit is egter juis die verbondsteologie wat uiters belangrik is in die beantwoording van vrae deur treurende ouers van 'n afgestorwe baba. Dit is moontlik om met mooi woorde te troos en van liewe Jesus en die engeltjies of die mooiste blommetjies in God se tuin te praat, maar dit troos dalk in die oomblik en rig dan in die langtermyn ongelooflike skade aan. 'n Eerlike antwoord uit die Woord bring 'n vaste fondament van troos en hoop in daardie verdrietige situasie. Genesis verwys na 'n blywende verbond en in 1 Korintiërs 7 leer ons dat die kinders van gelowige ouers heilig is. Die verbond van genade dek ouers en kinders.
Die troos van die verbond en God se onvoorwaardelike liefde en genade dien as groter troos as wat enige argument rakende soete onskuld van die kind ooit kan wees. God se genade in Christus is die vaste fondament van troos wat treurende ouers kan dra.
Die gevolg van die sondeval is dat die mensdom in hierdie jammerdal vasgevang lewe. Weens die sonde gebeur daar verskriklike dinge, met alle mense. Die sonde verswak die mens, en die situasie waarin die mensdom lewe. Ons is brose kreature wat swig onder die

aanslae van siekte, gebrek en swakheid. Ons is uitgelewer aan ons eie swakheid en die swakheid en optredes van ons medemense. Ons doen verskriklike dinge aan mekaar, onnadenkend en opsetlik. Ons neem nie ons eie swakheid, of die breekbaarheid van ons mede mense in ag nie. Die uiterste van hierdie menslike broosheid is die dood. Onder die vloek van die sonde is ons almal verdoem tot die dood. Die lewe hier op aarde hou ons gevange, niemand oorleef dit nie. Die brutale waarheid is dat die dood geen diskriminasie duld nie. Die dood slaan toe op selfs die jongste mens, die sterkste mens, die mees gesonde mens. Soms beweeg die dood verby die swakke en gryp die sterke.

Babas, peuters, kleuters, kinders, tieners sterf. Hoekom? As gevolg van die sonde van die enkeling en ons sondes wat op mekaar afspeel, het die dood *carte blanche*. So gebeur dit dat ouers kinders begrawe, grootouers by die graf van kleinkinders staan, dat boeties en sussies huil oor die verlies van 'n jonger geliefde. Ons stem almal saam, dit is baie sleg wanneer ouers hulle kinders moet begrawe. Tog is dit die gevolge van die sonde, die onstuitbare baan wat die dood het. Wat gebeur met hulle wat in soete onskuld op ontoerekenbare ouderdom sterf?

Die vraag is uiteraard verkeerd gestel, gebou op verkeerde veronderstellings. Ons is almal sondaars - soos gestel in die doopformulier; in sonde ontvang en gebore. Die vraag is met ander woorde eerder; wat gebeur met daardie sondaars wat gesterf het voordat hulle die Here kon leer ken en hulle geloof kon bely? Is hulle verlore of gered? Is die vrae en die gesprek self dalk onvanpas? Die opstellers van die Dordtse leerreëls het dit gewaag om die vraag te beantwoord met die stelling dat gelowiges se kinders heilig is; met ander woorde, onder die redding getel word.

Die antwoord moet (soos reeds beklemtoon) uit die Skrif voorsien word. Diegene wat aandring op die onskuld van die kind, en/of selfs 'n ouderdom ten opsigte van toerekenbaarheid vasstel, doen so uit eie gedagte en oortuiging, nie op grond van die Bybel nie. Hulle veronderstelling is dat kinders in wese onskuldig is en direk hemel toe gaan sonder enige nodigheid vir genade. Dit neem weg van ons besef aangaande die heiligheid van God.

Pelagius (350-425 nC) het onder andere geglo dat die mens neutraal (nie goed nie en ook nie sleg nie) gebore word en dat die mens nog altyd fisies gedoem was tot afsterwe. Hy was 'n moralis (doen die regte dinge) en het beweer dat sonde die gevolg van die mens se keuses was, maar dat die mens nie inherent sondig is nie. Hy was derhalwe ook verward aangaande die mens se behoefte aan genade. Diegene wat kinders as onskuldig sien (tot en met 'n sekere ouderdom of fase) is skuldig aan Pelagius se denke oorneem. Hy was eeue gelede reeds tot ketter verklaar. In ons antwoord teen hom moet ons bevestig; dood en sonde is aan mekaar vasgemaak. Die dood van die baba bewys juis dat ons in sonde ontvang en gebore is (Psalm 51:5-7: "*Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig. <u>Ek was al skuldig toe</u>*

<u>*ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het*."</u> (Romeine 5:12: *" Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het"*).

Die genade van God is 'n vaster en beter troos as enige fopspeen van vermeende kinderlike onskuld. God se genade is onbegryplik en strek verder as wat ons denke kan gaan. God se genade kan almal dek wat as suigelinge sterf (gelowige en ongelowige ouers se kinders). Die Skrif sê net niks oor hierdie saak nie en daarom kan ons net stel dat God se genade meer is as menslike hoop en troos. God se beloftes en genade is 'n groter troos as enige menslike teorie.

Dit beteken nie dat die pyn van 'n ouer verminder of verwyder word nie. Die diepe smart van jou eie kind verloor, is 'n ongelooflik swaar kruis om te dra. Tog kan ons in God die krag en die troos en die hoop vind om selfs sodanige las te dra, in die versekering van die wederkoms en wedersiens.

**Teks***:* <u>*Artikel 18.*</u> *Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en strengheid van die regverdige verwerping in opstand is, stel ons die woorde van die apostel: O, mens, wie is jy wat teen God antwoord? (Romeine 9:20); en ook die woorde van ons Saligmaker: Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? (Matt 20:15). Maar ons wat hierdie verborgenhede Godvresend en met eerbied aanbid; roep saam met die apostel uit: O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken of wie was sy raadsman gewees? Of wie het iets aan Hom gegee, dat dit vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid! Amen (Romeine 11:33-36).*

**Kommentaar:**

Die laaste saak wat in hierdie eerste hoofpunt bespreek word, is die voorhou van die gepasde reaksie op die uitverkiesingsleer.

Diegene wat God se regverdigheid bevraagteken en in opstand teen die leerstuk uitvaar, moet herinner word dat ons mense is en dat God steeds God bly. Daar word dan uit Romeine aangehaal om dit duidelik te maak dat dit uiterste dwaasheid is om God te bevraagteken. Dit beteken nie dat die leerstuk onaantasbaar is nie, ons is almal mense en moet telkens elke leerstuk toets aan die Woord van God. Indien ons seker bly dat die leerstuk die Skrif korrek saamvat en die regte aspekte beklemtoon, dan volstaan ons met die leerstuk.

Indien daar vrae is oor die inhoud op grond van eie indrukke, denke of filosiofie is dit uiters gewaagd om teen God te wil uitvaar. Ons toetssteen bly die Bybel. Ons tydsgees kan nooit die Heilige Gees vervang in ons interpretasie van die Woord van God nie.

Aan die ander kant is daar mense wat in eerbied en gehoorsaamheid berus in die leerstuk aangaande die uitverkiesing. Dit is 'n goeie benadering wat aanvaar en uitpluis, sonder om alles te wil bevat

| |
|---|
| en beskryf en beheer. Die laaste paar verse van Romeine 11 som daardie benadering op. |